

THE BLUEPRINT



Paarl Boys' High 2017



Volume 2, Issue 3



Inhoudsopgawe

Redakteursbrief [3](#)

Forgotten legends of PBHS [4](#)

Laika: Die ruimtehond en Sputnik twee [5](#)

Dr. Adriana Marais and the Mars One mission [6](#)

Die ruimte waarin ons lewe [8](#)

Earth versus the rest of the universe [9](#)

Career and study opportunities in the field of space and astronautics [10](#)

Die top- ruimtefilms [12](#)

The story of Orion, the great hunter [15](#)

Redakteur: Fryhoff du Toit

Subredakteur: Jaco Mostert

Grafika : Jaco Visagie
Juf. C. Fourie

Joernaliste: Dian Jacobs
Stephan Stoffberg
Herman Snyman
Christiaan Fisher
Wade Solomon
MC v/d Berg Schultz
Jaco Mostert
Ancheri van Greunen
(proefstudent)
Sanette Prins
(proefstudent)

Fotografie: Juf. P. Terblanche
Juf. D. Redelinghuys

Proeflees : Juf. M. Visagie

Fasiliteerder: Mnr. K. Bezuidenhout



Redakteursbrief

Ruimte kan gedefinieer word as die dimensie van hoogte, breedte en diepte waarin alle dinge bestaan en beweeg. In ons wêreld van blou is ons geseën met voldoende ruimte om te voldoen aan ons behoeftes en om ons passies en belangstellings te kan uitleef. Ons kan op vele terreine aan kulturele aktiwiteite soos, orkes, debat, Cantare en nog vele meer, deelneem. Op die sportterrein kan ons aan 'n magdom aktiwiteite deelneem. Die groot skoolspore hier word amper dieselfde geag as buitespore, iets waarop min skole kan roem. Laastens presteer ons uitstekend binne die ruimte van die klaskamer danksy die leiding van die beste onderwysers op aarde.



As mens na al die prestasies van die skool kyk, kan mens partykeer dink dat uitnemendheid op een van hierdie gebiede 'n voorvereiste by seuns moet wees. Dit is egter nie die geval nie, alhoewel uitnemendheid wel verwag word. Wat mens vergeet is dat daar, anders as by ander skole, 'n vierde ruimte is waarin leerders hulle kan uitleef, naamlik dié as Boishaiers. Om suksesvol te wees in hierdie veld verg uiterste toewyding en deursettingsvermoë. Jy moet voldoen aan streng morele waardes en ridderlikheid is noodsaaklik. Boishaiers wat dit bemeester sal miskien nie eendag onthou word vir wendrieë of eerste plekke nie, maar hul nalatenskap sal vir altyd in die skool bly, want goeie gedrag en edelheid het altyd meer waarde as enkele glorieryke oomblikke. Wat ek hiermee sê is dat elke Boishaiers uitblink op een of ander vlak; dit verg net die regte ingesteldheid om dit te besef.

Tandem Fit Arbor Surculus

Die redakteur

Fryhoff du Toit

Forgotten legends of PBHS

By Dian Jacobs

Dale Cupido matriculated from PBHS in 1994 and was a member of the brass band until matric.

In 1998 Mark Shuttleworth launched the “First African in Space” project. The project’s objective was to make Mark Shuttleworth the first African aboard the International Space Station and thus in space. This mission also gave African scientists the opportunity to conduct research in space via Shuttleworth, an opportunity they never had before. Paarl Boys’ High Old Boy, Dale Cupido, was one of the team members who contributed towards making this project a success.

Mark Shuttleworth underwent his cosmonaut training in Russia. Dale Cupido was the Moscow co-ordinator for the First African in Space project. Dale has been with Interactive Africa, the company project-managing the FAIS project, since 1998, after completing his studies in Marketing and Sales at Cape Technikon. His most loved saying is, “The Master adores the working man”. Dale Cupido, Paarl Boys’ High salute you for your contribution towards this extraordinary achievement!

For more information regarding the project and Dale Cupido visit www.africaninspace.com. Visit <https://www.youtube.com/watch?v=TbZ2FeUWAQg> to see Mark Shuttleworth thanking Dale Cupido from the ISS for his contributions.



Front: D. Heinzelmann, S. Robertson, P. Delpont, Mr N. Jack (bandmaster), L. Fick, M. Oosthuizen, N. Hamp

Middle: **D. Cupido**, F. Marais, I. Anderson

Back: A. Bredekamp, C. Summers, C. Thorburn, S. Louw, C. Erasmus, N. Bernard, L. Wiese

Laika: Die ruimtehond en Sputnik 2


Deur Stephan Stofberg

Laika

Laika was die eerste lewende wese in die ruimte. Sy was 'n driejarige basterhond. Laika is Russies vir "Blaffer". Sy is op 3 November 1957 deur die Sowjetunie in Sputnik 2 die ruimte ingestuur. Daar was ongelukkig geen manier om haar terug te bring aarde toe nie. Dit is beplan dat sy vir tien dae sou leef en daarna sou versmoor as gevolg van die gebrek aan suurstof aan boord van die kapsule. Sy het egter na slegs twee dae in die ruimte gesterf.

Laika het sowat 6 kg geweeg en daar was net genoeg plek in die kapsule vir haar om te lê en op te staan. Die binnekant van die kapsule was gekussing. Kos en water was in jellievorm beskikbaar. Sy het 'n harnas gedra met sensors wat haar hartklop, bloeddruk en asemhaling kon monitor. Sy het ook 'n sakkie gedra wat enige ontlasting kon opvang.


Laika het wel gesterf, maar deur dié opoffering het 'n straatbrak van Moskou die eerste lewende wese in die ruimte geword en die weg gebaan vir bemande sendings in die toekoms.



Bron: <https://timedotcom.files.wordpress.com>

Sputnik 2

Sputnik 2 is gelanseer vanaf 'n Sapwood SS-6-lanseringstrok wat eintlik maar net 'n aangepaste militêre missiellanseringsplatform was. Dit is ook gebruik vir die lansering van Sputnik 1. Sputnik 2 het min of meer elke 103,7 minute om die aarde gewentel. Die lansering van die vuurpyl het volgens plan verloop, maar tydens die skeiding van die kapsule (met Laika in) en die res van die vuurpyl het iets skeefgegaan toe 'n segment nie ordentlik van die kapsule weggebreek het nie. Laasgenoemde het veroorsaak dat van die isolasiemateriaal wat veronderstel was om Laika teen die ekstreme temperatuurverskille in die ruimte te beskerm, afgeskeur het. Dit het veroorsaak dat die temperatuur binne die kapsule tot soveel as 40 °C kon wees. Laika het vir omtrent twee dae geleef, maar die waardevolle inligting wat die sending aan die Sowjetunie se ruimteagentskap verskaf het, het hulle gehelp om Yuri Gagarin, die eerste persoon in die ruimte, in 1968 ruimte toe te stuur.



Bron: <https://upload.wikimedia.org/wikipedia/>

Bronne:

1. <https://nssdc.gsfc.nasa.gov/nmc/spacecraftDisplay.do?id=1957-002A> 17 Aug 2017

2. Knowleg Encyclopedia SPACE! ; Bl 123, 125; Dorling Kindersley

3. Vrae en Antwoorde: Die ruimte; Bl. 29; Fantasia

Dr. Adriana Marais and the Mars One mission

By Herman Snyman

In 2011 het Bas Lansdorp en Arno Wielders die grondslag gelê om die Mars One-ekspedisie na Mars te begin. Die Mars One-ekspedisie stel dit ten doel om 'n nedersetting op Mars te begin wat die mensdom sal help om die res van die sonnestelsel en sterrestelsel te verken. Net soos die Apollo-maanlanding mense geïnspireer het, sal 'n ekspedisie, wat mense in staat sal stel om op Mars te kan gaan bly, komende generasies inspireer om die grens van dit wat moontlik is te probeer skuif.

A few facts and things you need to need to know about the Mars One mission:

- **No scientific breakthroughs are needed.**
Currently, the technology to land people on Mars exists. However, getting them off again is still a problem because a heavy-lift launch vehicle capable of this doesn't exist (yet). That's why they chose to make this a one-way trip for everyone involved.
- **The first astronauts have already been selected.**
The selection process started in 2013 with online applications and personal interviews. Slowly the candidates went through selection rounds until only 24 people remained. These candidates were divided into six teams of four in 2016. That means if you were 30 years old in 2013 when you applied and you made it to the finals, you will be 49 years old by the time you land on Mars.
- **Dié ruimtevaarders het vanjaar begin met hulle opleiding.**
Die jaar 2017 was belangrik vir die Mars One-ekspedisie, omdat die gekose kandidate hierdie jaar begin het met hulle opleiding. Hulle opleiding sal voortduur totdat hulle in 2031 vertrek. Daar is ses groepe van vier mense (twee mans en twee vroue) en elke groep sal 'n paar maande van elke jaar spesiale opleiding en kursusse deurloop vir hulle lewensveranderde reis.
- **Getting soil from Mars is one of the critical aspects of the mission.**
In 2022 Mars One will launch the Mars-bound Demonstration Mission. This is the one of the most important steps in getting humans to Mars and creating a colony. The lander will take equipment such as a camera (for a video stream from Mars to Earth), a solar panel experiment (to test if they will be able to provide enough renewable energy) and most importantly water extraction experiment.
- **Die eerste groep na Mars sal in 2031 vertrek en oor 8 maande by Mars arriveer.**
Die ekspedisie sal omtrent 8 maande neem, wat seker nie so lank klink nie, maar dis wel lank. Die rit gaan beide emosioneel en fisiek uitputtend wees vir die ruimtevaarders. Om in so 'n klein ruimte te moet bly en nie te weet wat om te verwag nie sal sy tol eis. Die verwagtinge rondom die projek sal ook bydra tot verdere druk.
- **Dit is 'n eenrigtingkaartjie na Mars toe.**
Die hele Mars One-groep bestaan uit mense wat permanent op Mars wil gaan bly. As hulle eers daar is, kom hulle nie terug nie. Dié mense gaan nie hulle dorp of land verlaat nie, maar hulle planeet! 'n Mens begryp nie watter moed dit verg om alles vir altyd agter te laat nie.
- **Some people believe that Mars One is a hoax.**
There has been a lot of criticism regarding the funding, timelines and some people don't believe that the project will happen at all. Now it is true that the mission has been set back a few years, but honestly, they are trying to get humans to Mars!
- **The life support systems will already be in place by the time the first humans arrive.**
Once the astronauts land on Mars they will be transported to the special living unit that the Rover will have set up. They will then enter via an airlock and once inside they will have breathable air so they will be able to take off their spacesuits. These living units will be inflatable and will be built using existing technology that has already been tested in space.

- **Die ruimtevaarders sal spesiale pakke moet dra.**

Die temperature op Mars wissel tussen 27 °C en -143 °C. Die Marsmanne en -vroue sal dus spesiale pakke moet dra as hulle hul leefarea verlaat. Die gravitasiekrag op Mars is nie so sterk op die aarde nie. As jy 100 kg op die aarde weeg, sal jy 38 kg op Mars weeg.

Dr. Adriana Marais

Nasionaliteit: Suid-Afrikaans
Ouderdom: 34 (15 Augustus 1983)
Beroep: Kwantumfisikus
Hoërskool: St. John's Diocesan High School

“As a child, I read a lot and longed to have been born in another era, when less was done and more was at stake. I imagined myself as a Khoisan hunter, an Egyptian queen, a Greek philosopher, a Viking warrior... However, I am now utterly convinced that this time in which we are now living is the most fascinating and important of all.”

Adriana het die eerste keer van die Mars-ekspedisie gelees in 'n Durbanse koerant in 2012. “Every cell in my body cried this is it!” Sy het saam met 202 586 mense van 107 lande oor die hele wêreld aansoek gedoen om deel te word van hierdie ekspedisie. Sy is ná vier rondtes van aansoeke, analisering, mediese ondersoeke, intense opleiding, groepsessies en kursusse gekies as een van die finaliste wat opgelei word om na Mars te gaan.

Sy is tans besig met intense oefeninge, kursusse en opleiding ter voorbereiding vir die lansering van Mars One in 2031. Ons wens haar alle sterkte toe met die fantastiese ekspedisie na Mars!



Bron: <http://media.gettyimages.com/>

Sy het gesê:

“We are not doing it because it is easy; we are doing it because it is hard.”

“I am proudly human.”

“This is what makes us human. I feel lucky to be alive during such an exciting time in the history of life on Earth: We are able to investigate terrestrial life on scales smaller than the size of atoms, as well as look to the skies in search for evidence of life and its precursors many hundreds of light years beyond the planet we have called home for the last four billion years. The possibility of contributing to the discovery of evidence of extra-terrestrial life is what I find most fascinating about the prospect of being amongst the first earthlings to move to Mars.”

Meer oor Adriana Marais:

www.adrianamarais.org

Die ruimte waarin ons lewe

deur Christiaan Fisher

Elke dag staan ons op om 'n roetine te volg wat deur daaglikse herhaling in ons onderbewuste vasgelê is. Ons is al so gewoon daaraan om te weet wat volgende in ons lewens gebeur, dat wanneer ons met iets onverwags gekonfronteer word, ons nie die situasies kan hanteer nie. Dit is omdat die generasie van vandag een belangrike lewensaspek vergeet het, naamlik: die ruimte waarin ons lewe.

Om ons gebeur ongelooflike dinge wat ons sonder wete met meters, sekondes of binne 'n oogwink mis — dinge wat ons uitkyk oor die lewe kan verander. Iets wat meer as net die doodgewone kan beteken. Die uitdaging van die moderne lewe is egter nie om populêr te wees of om tred te hou met die nuutste tegnologie nie. Dit is om meer bewus te wees van wat aangaan buite die klein borreltjie gedagtes waarin ons lewe. Dit is van selfsprekend dat min van ons hierdie hindernisbaan vol moontlikhede ooit raaksien. Daar is 'n groot onbekende wêreld net buite daardie laag waarmee ons ons eie lewens dek.

Die fisiese ruimte is iets waarvoor almal van ons al gewonder het of selfs bestudeer het, maar daar is net soveel ruimte om ons soos wat bo in die lug saam met ons sonnestelsel is. Net soos daar meer sterre is as sandkorrels op die aarde, is daar terselfdertyd 'n oneindige lys van keuses, besluite en moontlikhede wat op ons wag of wat kan plaasvind. Die idee is om te fokus op die wye perspektief van die lewe; om te droom; om kennis in te neem; om kennis toe te pas. Ken jy jou buurman of buurvrou se naam? Kan jy vir mense vertel van jou tuisdorp of stad met al die eksentrieke en historiese gebeure wat al daar plaasgevind het? As jy nie hierdie vrae kan beantwoord nie, is dit tyd dat jy jou doel op aarde begin bevraagteken en drastiese veranderinge begin maak aan jou interpretasie van die gebeure om jou. Begin die belangrike dinge raaksien terwyl jy nog die kans het.

Die aarde se radius is ongeveer 6 379 km by die ewenaar. Dit klink dalk soos 'n mondvul en oneindig ver, maar ons sonnestelsel het 'n radius van twee ligjare. Dit wys jou dat ons as mense soveel het om oor te leer en so min weet van die klein enkele dingetjies wat om ons aangaan. Baie van ons kom nooit uit by die groter dinge wat die lewe vir ons inhou nie. Almal droom. Dit is deel van ons eienskappe as mense. Met ander woorde, as jy kan droom, maak nie saak wat dit is nie, maak nie saak hoe onrealisties dit mag klink nie, daardie moontlikheid wat in jou droom voorkom, bestaan, anders sou jy nooit daarvoor kon droom nie. Al manier om hierdie moontlikhede te laat realiser, is om jou belangstellings en kennis uit te brei en die algemene dinge om jou met ander oë te analiseer. Dan sal jy elke dag 'n stukkie van die ruimte waarin jy lewe, ontdek en verstaan.

Algemene kennis is skaars onder die jeug en jongmense van vandag. Algemene kennis is al manier hoe jy jou geheue kan verbreed. Dit is skokkend om te sien hoe min mense weet van selfs die sportsoorte of kultuuraktiwiteite waaraan hulle deelneem. Selfs die vakke wat hulle neem! Mense stel nie meer belang om oor meer as wat net in 'n handboek staan of wat vir jou vertel word te leer nie. Ek kan uit eie ervaring sê, jy loop iets mis as jy nie meer oplees as net dit wat voor jou staan nie en dit sal enige kenner van hul vakgebied of belangstellings vir jou óók kan sê.

Ons is geseën met gawes wat net die mens self het. Geen ander dier, voorwerp of selfs robot kan geskep word om te doen wat die mens doen nie, omdat ons elkeen uniek is. Dit wat om ons gebeur, bewustelik en onbewustelik, kan deur 'n mens beheer word. Ons moet net glo in ons eie vermoëns.

Alles in ag genome, is die wêreld besig om drasties vooruit te gaan. Ekonomiese groei vind plaas op 'n skaal groter as wat ons brein kan inneem. Mense kom daagliks met nuwe ontwikkelinge en innoverende idees te voorskyn wat lewensverskille vir almal kan maak. Al hierdie dinge gebeur in die klein ruimte waarin ons leef. Enige iets is moontlik, al is die oplossing vir daardie situasie nog nie bekend nie.

Die toekoms, al het dit geen waarborg nie, lê in die hande van ons as die mense van 2017. Dit is ons besluit wat ons daarmee wil maak, positief of negatief. Uiteindelik kom dit alles neer op die persoon in die spieël. As jy elke dag weet jy het iets geleer of 'n verskil gemaak, is jy so volmaak soos wat jy op daardie oomblik kan wees.


Die belangrikste aspek vir enige groei as mens of as samelewing is om die ruimte te identifiseer waarin ons tans lewe. Daarna moet ons strewende om ruimte te vind wat nog nie bestaan nie. Dit sal ons sukses as mensdom bepaal!

Earth versus the rest of the universe

By Wade Solomon


Take into consideration the world that we live in. It is amazingly large. Think about how many people there are in your school. Think about the size of the country we live in, the hundreds of mountains, cities, towns, forests, hills, millions of houses and people. Just to think that you are one of seven billion people on this planet we call home is an astonishing fact by itself. There are places that you will never discover due to the vastness of this planet. But have you ever considered how big the earth is compared to, for example, the sun or even other planets like Jupiter or Saturn.

Just to give you an idea on how big earth is compared to Jupiter, you could fit 1 321 earths into Jupiter. If you consider how many earths that is, take the amount of learners in Boys' High and Girls' High, combine it and you'll get roughly 1 300. That is how many earths fit inside of Jupiter. Jupiter is the biggest planet in our solar system, that is excluding the other 10 trillion (yes, that's 10 000 000 000 000) planets and stars in the universe that we know of with emphasis on the last four words of that sentence, "that we know of". This means that that is the lowest possible number of planets and stars in the universe that we live in. And considering earth is rather tiny compared to the rest of these planets and stars, that is quite a monstrous figure.



Now let's compare earth to the stars in the universe: if you thought that Jupiter was big, wait till you hear about the sun and the rest of the stars. It would take 1,3 million earths to fill up the sun. That is 1 000 times bigger than Jupiter! And believe it or not, the sun is rather small compared to the rest of the stars that we know of. If we compared earth to VY Canis Majoris, currently the biggest star that we know of, it would take 2 quadrillion 759 trillion 460 billion earths to fill it up. That's right, 2 759 460 000 000 000 earths will be needed to fill up the biggest star we as humans know about. If you had to count at a speed of one number every second, it would take you 87 501 903 years to get to the aforementioned number.

This just emphasises the enormity of the universe we live in. The fact is that we are not even considered a speck in our universe because a speck would be exaggerating our size. There is so much that humans have to discover in this vast space. Don't take our world for granted because you never know when this world may no longer be inhabitable.



Career and study opportunities in the field of space and astronautics

By Mika-Calvin van den Berg Schultz

Space, a vast and unexplored area filled with celestial bodies, planets, meteors, comets, black holes and much more. Many people find space extremely interesting and would like to pursue an occupation in it. There are countless careers relating to space, I would just like to mention a few.

Humanity has spent 50 460,99 hours in space. It has become the sixth largest pursued career field in the world. In 2005 NASA spent 16,2 billion US dollars on space exploration. This has created an economy on its own.



Astronaut

Arguably one of the most glamorous jobs in world, as well as one of the most lethal, with a mortality rate of just under 18,3%. Formula 1 drivers having a mortality rate of 6,75%. So it is possible to say that flying a rocket ship, or simply being a scientist on board could easily get you killed. However, deaths have decreased due to fewer safety issues, but obviously also because of automated flight where a pilot is completely unneeded.




Astrologist

Have you ever wondered who thought of the names for star signs and the reasoning behind each one's name? This was the work of astrologists. Astrology is the study of the movements and relative positions of celestial objects as a means of divining information about human affairs and terrestrial events. Basically it is the study of the religious meaning behind stars — lot like theology, but it is interpreted differently in all religions.



Aerospace engineer

Aerospace engineering is the primary field of engineering concerned with the development of aircraft and spacecraft. This includes designing, manufacturing and testing of space craft, for example, rocket science. There are two places where you can study a sector of aerospace engineering, which is aeronautical engineering, namely the University of Pretoria or the University of the Witwatersrand in Johannesburg.



Die top- ruimtefilms

deur Jaco Mostert

Wetenskapfiksie is 'n baie breë genre. In hierdie spesifieke afdeling neem ruimtefilms ook sy plek in. Niks prikkel die mens se verbeeldingswêreld meer as die onbekende nie. Daarom is die onbekende en oneindige ruimte een van die interessantste onderwerpe om films oor te maak.

Daar is in die afgelope paar jaar baie films vrygestel wat in die ruimte afspeel, maar hulle gaan nie in die lys genoem word nie omdat hulle nie oor die ruimte self gaan nie, maar eerder oor 'n fantasie wat in die ruimte afspeel.

10. Solaris (2002)

'n Nuwe weergawe van Andrei Tarkovsky se 1972 meesterstuk 'Solaris'. 'n Sielkundige word gestuur om die bemanning van 'n navorsingstasie, wat om 'n bisarre planeet wentel, te ondersoek. Met George Clooney.



9. The Martian (2015)

'n Groep NASA-wetenskaplikes gaan op 'n ekspedisie na Mars en wanneer 'n rowwe storm uitbreek, forseer dit hulle om 'n bemanningslid, Mark, op die planeet waar daar geen lewe is nie, gestrand te los. Slegs met 'n slim kop op sy skouers en 'n waaghalsige plan van sy vriende ontsnap hy die planeet.



8. Moon (2009)

'Moon' is 'n storie van 'n ruimtereisiger, Sam Bell, se lewe op die Maan waar hy vir drie jaar saam met sy rekenaar GERTY werk en pakkies na die aarde terugstuur wat help om die aarde se kragvoorsieningsprobleem op te los.

7. Apollo 13 (1995)

Ron Howard het 'n ware storie geneem, waarvan die hele wêreld reeds die uitkoms geweet het, en dit in een van die mees senutergende en spannende films ooit gemaak. Gebaseer op die dertiende Apollo-sending na die maan wat suksesvol was tot en met die terugreis na die aarde, waartydens dinge baie skeef geloop het.

6. Alien (1979)

Die film vertel die storie van 'n groep ontdekkers wat tydens hulle ekspedisie 'n noodsein kry van 'n onbekende planeet. Wanneer hulle die planeet bereik en vir oorlewendes begin soek, kom hulle agter dat die noodsein eintlik 'n waarskuwing was en dat 'n dodelike bioform, Nostromo, reeds aan boord gekom het.

5. The Right Stuff (1983)

Gebaseer op die boek van Tom Wolfe, handel die film oor hoe sewe ruimtevaarders daarna streef om deur die klankgrens te breek en wys hoe nie een van hulle geweet het hoe om 'n ruimteprogram te bestuur of hoe om mense daarvoor te kies nie. Terselfdetyd spannend, snaaks, opwindend en aangrypend.



4. Interstellar (2014)

'Interstellar' is visueel asemrowend en tegnologies ontsagwekkend. Terselfderyd is die film ook gelaai met idees soos "black holes, worm holes", die teorie van relativiteit, die vyfde dimensie en die verbuiging van ruimte en tyd, maar op die ou end is dit 'n emosionele storie oor 'n pa wat met sy dogter herenig wil word ten spyte van die onmoontlike kanses.

3. Solaris (1972)

Die eerste weergawe van Andrei Tarkovsky se Russiese film. Dit het 'n kalm en nadenkende inslag wat 'n mens laat dink oor die betekenis of belang van die mens se bestaan. Die film gebruik die idee van identiteit en selfontdekking. Dit gaan oor 'n sielkundige wat gestuur word om uit te vind wat met die bemanning van 'n navorsingstasie gebeur het, aangesien hulle almal mal is.




2. Gravity (2013)

Van een verpletterende ramp tot die volgende, gee hierdie film jou skaars kans om 'n sug van verligting te gee voordat die volgende probleem of situasie te voorskyn kom. Die film is spannend en genadeloos, maar selfs met al die verwarring is die visuele prente daar om 'n gevoel van vewondering in jou op te wek.



1. 2001: Space Odyssey (1967)

Ongetwyfeld een van die mees gesaghebbende films wat ooit gemaak is, Stanley Kubrick se '2001: A Space Odyssey' kan gepas beskryf word as die uiterste verkenning van "die onbekende". Geïnspireer deur 'n kort storie genaamd "The Sentinel" wat geskryf is deur Arthur C. Clarke, volg die film die reis van 'n bemanning van wetenskaplikes na Jupiter saam met die waarnemende en bewuste rekenaar HAL 9000. Die film het een van die grootste invloede gehad op toekomstige wetenskapfiksie en is ongetwyfeld die beste ruimtefilm van sy tyd.



Bron: <https://www.thecinmaholic.com/best-space-movies>

The story of Orion, the Great Hunter

Deur Sanette Prins en Ancheri van Greunen




Orion was a great hunter and every day he provided meat to the gods for their meals. But this was a lonely job and he wanted someone to keep him company. He decided to pursue the Seven Sisters, also known as the Pleiades, because of their great beauty and virtue. Unfortunately, the Seven Sisters did not share the mutual feeling of getting to know Orion and instead they fled from him. As Orion is a hunter, this just made the challenge much more interesting and he vowed to chase and pursue them relentlessly.


The Seven Sisters did not enjoy this attention, in fact, it caused them great discomfort. They decided to appeal to Zeus for help. He took pity on them and changed them into doves. As doves they then flew up into the

sky and found a hiding place among the stars. Here, the Seven Sisters provided guidance for sailors to navigate and for farmers to know when to sow and harvest their crops.

Orion still felt lonely, but was filled with hope when, one day, Artemis (Diana) asked if she can join him on a hunt. Artemis was the goddess of the moon and goddess of the hunt and animals. This excited Orion and provided him with an opportunity to impress Artemis. While they were on the hunt, they spotted a deer and Orion carefully fitted an arrow to his bow and shot. So accurate was his shot that the deer died instantly, which pleased Artemis greatly. At dinner that evening, Artemis told everyone, even Zeus, of Orion's great ability with the bow. All of this praise and compliments pleased Orion, who vowed to impress Artemis even more the next day.



So the following morning, Orion went out before dawn and shot every animal that he encountered. He carried all the animals to Artemis' door and placed them on a pile for her to see. Upon seeing the great pile of dead animals, Artemis was horrified! For you see, Artemis was also the protector of animals and punished those who killed more than they could eat. In her anger, she stomped her foot on the ground and out of the dust came a great scorpion which stung Orion on the heel causing him to die with great pain. But in honour of his great service to the gods, Zeus placed his constellation in the sky. Scorpio was then placed into the sky on the opposite side of the world from Orion so as to avoid any further conflict. It was also placed in the sky to remind all of us that it is okay to kill animals for food, but it is wrong to kill them just for the fun of killing.



Reference: McCarter, R. Constellation Legends.